1. Talespreek. Die Waarheid. 26Mei2014.

Opgestel deur De oude pastoor.(oba Oom Sarel).

Willem (skuilnaam), wanneer mens oor die Gawes in 1Korinthiërs 12 praat, vind mens baie gou uit dat daar 5 soorte mense, met wyd uiteenlopende gedagtes en uitsprake is. En dan is daar Die Waarheid. My oorlede swaer, Pastoor Jannie Pretorius, het so lekker sy "erre" gebrgei, en gesê : "Brgoerg Fourgie, die waargheid, is 'n naargheid, maarg hou djou ytie gevaargheid.
Vanaand begin ek in alle erns vir jou en Helen (skuilnaam) uit Die Woord leer en belowe om AL jul vrae te be-antwoord en julle 'n Bybelse uitleg vir alles te gee. Ek wil julle rolmodel in ALLES wees en ek belowe dat julle NET Die Waarheid van GOD se Woord by my gaan leer. Soos Paulus vir die jonge Timotheus was, so wil ek vir julle wees. Doen my net 'n groot guns...wanneer julle vrae het, laat Helen dit vir Tannie Salomie "whatsapp", dan gee ek dit per epos vir julle, ek kannie altyd dadelik antwoord nie omdat ek so besig in die bediening is.

2Timotheus 3:10 Maar jy het my navolger geword in leer, lewenswandel, planne, geloof, lankmoedigheid, liefde, lydsaamheid,
2Timotheus 3:11 vervolginge, lyding, soos my te beurt geval het in Antiochíë, in Ikónium, in Listre. Watter vervolginge het ek nie al verdra nie! En die Here het my uit almal verlos.
2Tim 3:12 En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word.
2Tim 3:13 Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger, hulle wat verlei en verlei word.
2Tim 3:14 Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het,
2Tim 3:15 en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus.
2Tim 3:16 Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,
2Tim 3:17 sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

En hierdie Skrif is suiwer, soos goud en silwer gelouter, mens kan en MOET elke Woord van GOD glo en daarvolgens leef want:

Mattheus 4:4 Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.

Psalm 12:6 (12:7) Die woorde van die HERE is rein woorde, silwer wat gelouter is in 'n smeltkroes in die aarde, gesuiwer sewe maal.

Psalm 18:30 (18:31) Die weg van God is volmaak; die woord van die HERE is gelouter; Hy is 'n skild vir almal wat by Hom skuil.

Psalm 119:140 1U woord is deur en deur gelouter, en u kneg het dit lief.

Spreuke30:5 Elke woord van God is gelouter; Hy is 'n skild vir die wat by Hom skuil.

Psalm 19:8 Die bevele van die HERE is reg: hulle verbly die hart; die gebod van die HERE is suiwer: dit verlig die oë.

Psalm 19:9 Die vrees van die HERE is rein: dit bestaan tot in ewigheid; die verordeninge van die HERE is waarheid—tesame is hulle regverdig.

Psalm 19:10 Hulle is begeerliker as goud, ja, as baie fyn goud; en soeter as heuning en heuningstroop.

Psalm 19:11 Ook word u kneg daardeur gewaarsku; in die onderhouding daarvan is groot loon.

Ek kan net uit die onfeilbare Woord van GOD antwoord, want dit alleen is die Waarheid, NIKS anders nie. Die ander dinge is fabels.

1Timotheus 1:4 en hulle nie besig hou met fabels en eindelose geslagsregisters nie, wat net twisvrae bevorder meer as stigting van God wat in die geloof is.

1Tim 4:7 Maar verwerp onheilige en oudwyfse fabels, en oefen jou in die godsaligheid.

2Tim 4:4 en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.

Titus 1:14 en hulle nie besig hou met Joodse fabels en gebooie van mense wat van die waarheid afwyk nie.

2Petrus 1:16 Want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en koms van onse Here Jesus Christus bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van sy majesteit;

Psalm 32:8 Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.

Psa 32:9 Wees nie soos 'n perd, soos 'n muilesel wat geen verstand het nie, wat 'n mens moet tem met toom en teuel as sy tuig, anders kom hy nie naby jou nie.

Psa 32:10 Die goddelose het baie smarte, maar hy wat op die HERE vertrou—met goedertierenheid sal Hy hom omring.

Psalm 32:11 Wees bly in die HERE en juig, o regverdiges! En jubel, alle opregtes van hart!
1Petrus 2:2 en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei,
Jesaja 30:20 Die Here gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid, maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie—maar jou oë sal jou leraars sien;
Jesaja 30:21 en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan.
1Petrus 3:15 Maar heilig die Here God in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees.
En natuurlik...UITERS BELANGRIK. Dit lê nie net in die lees van Die Woord nie.
Jakobus 1:21 Daarom, doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red.
Jakobus 1:22 En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie.
Jakobus 1:23 Want as iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n dader nie, dié is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien;
Jakobus 1:24 want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het.
Jakobus 1:25 Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen.

Nouja, hier volg die 5 soorte mense wat ons raakloop wanneer oor die Gawe van Talespreek gedebateer word.

1. **Oningeligdes**
2. **Ongelowiges**
3. **Gereformeerdes en ander sektes.**
4. **Jaloerses**
5. **Bobbejane.**
6. **Die Waarheid uit Die Woord.**

1. Oningeligdes.

Voordat ek tot bekering gekom het, het ek geen "clue" gehad van enigiets wat in Die Bybel staan nie, punt. Kon nie Psalm 23 of Die Onse Vader vir jou opsê nie, en as iemand my sou vra... "O ja, ek is 'n Christen"... al weet ek niks van GOD en SY gebod nie...Tragies, maar waar. Ek was 'n "Oningeligde".

Het my naam so met 'n plank geslaan toe ek die eerste keer met 'n egte wedergebore kind van GOD probeer debateer uit Die Woord. Ek was 'n "sitting duck" vir 'n ervare, professionele jagter.

Eendag vertel 'n maat my dat sy neef "kamtig", dis nou volgens my maat, "in tale praat", en ek antwoord hom : "Jaco (skuilnaam), kan sy GOD dan nie Afrikaans praat nie?" Jy sien no 5 praat van "bobbejane". Dit was nou ek met 'n hoofletter, het ook die klok hoor lui, maar wetie waar die bel hang nie. Wetie dat Talespreek NIKS op aarde met..."Kan GOD nie Afrikaans praat" te doen het nie, wetie dat dit een van Die HERE se BONATUURLIKE Gawes is nie. Ek was, met een woord gesê, 'n ONINGELIGDE. Periode, finish en klaar. "No argument about that".

Romeine 1:22 Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword.

Ja Willem en Helen, wat verwag mens van 'n dwaas...of 'n "FOOL"?

As 'n mens niks van 'n saak weet nie, is dit baie onwys om 'n mening te waag.

Net voordat ek my eerste ontmoeting met "Spreek in Tale" bespreek, vertel ek u van 'n ondervinding met een van my vriende, lieflike mens, maar een wat gereeld, uit onkunde, deur sy woorde struikel.

Ou Jaco, my vriend hierbo genoem, en ek is eendag in PE by 'n baie bekende Suid Afrikaanse varswater hengelaar aan huis. Ou Jaco het nog nooit 'n lyn in die water gehad nie en ken nie die verskil tussen vars en seewatervis nie. Die hengelaar se mure is behang met allerhande trofeë, verskeie soorte opgestopte visse en ry op ry groot tande van die beroemde Afrika Tiervis. My vriend bekyk die uitstalling so paar sekondes en hy merk op dat een van die visse 'n koperplaat met die inskrywing..."Tigerfish" het. Dadelik haak hy af : "O hierdie een ken ek baie goed, ek het al baie van hulle in die Swartkopsrivier gevang". Ons kyk hom geskok aan maar nie een rep 'n woord nie, maar dadelik verloor die hengelaar enige belangstelling in ou Jaco en ignoreer hom daarna heeltemaal.

Hy sou ou Jaco nooit weer na sy huis nooi nie

Sien Willem, Helen, Tiervis is 'n varswatervis wat ons glad nie in riviere in die Oos, Suid en Weskaap vind nie. In die soutwaterriviere vind ons egter die

"Spotted Grunter", wat knor as hy uit die water kom en baie verwys na hom as "Tiger" maar nie Tiervis nie. Hulle is glad nie familie nie.
Nou, terug na my onkundige, onnosel opmerking aangaande my vriend se neef wat "kamtig" in Tale praat.
Die HERE sou my my dwaasheid voor die kop moes wys. En 'n hele aantal jare sou verbygaan voordat ek die waarheid in die gesig sou staar.
Die eerste sondag in Junie 1985, besoek ek, vir die eerste keer in my lewe, 'n Pinksterkerk. Net na die sangaanbidding, staan 'n vrou, totaal onverwags vir my, in haar bank op en die volgende oomblik begin sy luidkeels in 'n vreemde Taal te praat.
Ek het onmiddelik geweet....hierdie was uit Die HERE. Daarna staan 'n oom op, en soos ek later die aand by vriende gehoor het, bring die uitleg van hierdie Geestelike Taal. Ek kan nie die uitleg daarvan onthou nie, behalwe dat ek GEWEET het, dit kom uit die hart van Die HERE. Later sou ek en die vrou, asook die oom wat die uitleg gegee het persoonlike vriende word en het ek baie by hulle geleer.
Willem, die perfekte ritme en balans, die melodieuse uitspraak en klank, het my totaal oorweldig en ek wou dit ook hê, vir seker. Het nog nie geweet waaroor dit gaan nie, maar ek wou dieselfde doen as sy, in Tale praat.
Op die 10de Junie 1985 kom ek tot bekering, word die 16de gedoop en 'n paar maand later bid ons pastoor vir my, en omdat ek nou alreeds vele keer verskillende mense in Tale hoor praat het, en dit begeer het, val GOD se Salwing op my en terwyl pastoor nog bid, begin ek in die lieflikste Taal praat en hou net aan en aan en aan. So maand of wat later gebeur dieselfde met my boetie en so 2 weke na hom val dit op my dogter, 11jaar oud. Later begin ek in die bediening, my dogter hou alles dop en leer by haar pa hoe dryf mens duiwels uit en hoe bid mens vir verslaafdes en siekes.
Aan die einde van 1988 verhuis ons van die Ooskaap af Kaaptoe, ek begin by kerke bedien en dryf baie duiwels uit en die geeste gaan probeer bedags my kind by die huis aanval, maar sy het by pa geleer en het geen probleme om hulle op hul plek te sit nie. En wanneer die gees van vrees haar pak, begin sy in tale praat en hulle vlug. In die middae, na skool, kom besoek haar skoolmaats haar, sy wys vir hulle geestelike videos, geeste probeer met allerhande manifestasies om hulle te ontmoedig om na die videos te kyk en sy sê vir hulle : "Moenie bekommer nie, ek weet wat om te doen, my pa het my geleer en julle sal niks oorkom terwyl ek hier is nie". My kind is gedoop met Die Heilige Gees en sy is vir niks bang nie. Hoekom nie??? Want, soos haar pa en miljoene voor hom, het

sy bonatuurlike KRAG ontvang toe sy met Die Heilige Gees gedoop is.

Handelinge 1:4 En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het.

Handelinge 1:5 Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie.

Handelinge 1:6 Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?

Handelinge 1:7 En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie;

Handelinge 1:8 maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.

Handelinge 2:1 En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar.

Hand 2:2 En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het.

Hand 2:3 Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit.

Hand 2:4 En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.

Willem, belangrik hier is : "Hulle het begin spreek in ander Tale, soos Die GEES aan hulle gegee het om uit te spreek". Dit kom nie van 'n mens af nie, maar van Die GEES van Die HERE. Niemand het voor jou kom staan en gesê : "Willem, praat agter my aan nie. Toe ek die demoon bestraf wat jou kakebeen vasgedruk het, het hy gelos en ek het jou beveel om op jou stoel agter die koffietafeltjie te gaan sit totdat jy vreemde woorde uit Die GEES hoor kom. Daarna het jy na my toe gekom en die woorde herhaal. Dit was uit Die GEES van GOD. Enigiemand wat daarteen praat, staan die gevaar om teen Die Heilige GEES te laster en dis gevaarlik. Hoekom? vra jy.

Kyk gou na hierdie Skrif gedeelte.

Mattheus12:31 Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie.

2. Ongelowiges.

Hiermee gaan ek op die volgende leerstuk verder, ek dink julle het vir eers genoeg om mee voort te gaan. Ek gaan nou eers slaap en more gaan ek verder met jul lering. Mooibly. Lief vir julle en ons mis julle.SHALOM!!!